GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS

VOORBEREIDENDE EKSAMEN

EKONOMIE

# MOONTLIKE ANTWOORDE

AFDELING A
**VERPLIGTEND**

## VRAAG 1

1.1 **Meervoudigekeuse-vrae**

Verskeie moontlike opsies word as antwoorde verskaf vir die volgende vrae.

1.1.1 A (Besparings) ✓✓

1.1.2 C (Produkte-) ✓✓

1.1.3 C (Vermenigvuldiger-effek) ✓✓

1.1.4 C (Normale wins) ✓✓

1.1.5 A (Merietegoedere) ✓✓

1.1.6 C (Minder produseer en ’n hoër prys vra) ✓✓

1.1.7 B (Invoervervanging) ✓✓

1.1.8 C (NEPAD) ✓✓

1.1.9 B (SEB) ✓✓

1.1.10 A (Monetêre) ✓✓

1.1.11 A (Binnelandse toerisme) ✓✓

1.1.12 B (Eksternaliteite) ✓✓ 12x2=(24)

1.2 **Eenwoorditems**

Gee EEN **term** vir elk van die **beskrywings**.

1.2.1 Kapitaalmark ✓✓

1.2.2 Nie-mededingend ✓✓

1.2.3 Repokoers ✓✓

1.2.4 Hiperinflasie ✓✓

1.2.5 Goud ✓✓ 5x2=(10)

1.3 **Pasitems**

1.3.1 G ✓✓

1.3.2 E ✓✓

1.3.3 H ✓✓

1.3.4 B ✓✓

1.3.5 D ✓✓

1.3.6 I ✓✓

1.3.7 A ✓✓

1.3.8 F ✓✓ 8x2=(16)
**[50]**

## AFDELING B

Beantwoord enige DRIE vrae uit hierdie afdeling.

## VRAAG 2

2.1 Kies die **korrekte woord(e)** uit dié wat tussen hakies gegee word.

2.1.1 Styg ✓✓

2.1.2 Inkomste ✓✓

2.1.3 Menslike Ontwikkelingsindeks (MOI) ✓✓

2.1.4 Prys✓✓ 4x2=(8)

2.2 Noem DRIE instrumente wat beskermingsbeleide gebruik word om die omvang van vrye handel te beperk.

- Tariewe ✓✓
- Kwotas ✓✓
- Valutabeheer ✓✓ 3x2=(6)

2.3 Bestudeer die onderstaande spotprent en beantwoord die daaropvolgende vrae.

2.3.1 Die dollar ✓✓

OF Amerikaanse ekonomie ✓✓
OF Amerika ✓✓ (2)

2.3.2 Lewenstandaard wat daal ✓✓

OF waarde van die dollar wat depresieer / daal. ✓✓
OF ekonomie verswak ✓✓ (2)

2.3.3
- Ekonomiese aktiwiteite daal. ✓✓
- Banke wat bankrot speel in Amerika– a.g.v. te veel krediet. ✓✓
- Ekonomie in resessie ✓✓
- Aandeelpryse daal ✓✓

(Aanvaar enige relevante antwoord) 4x2=(8)

2.3.4 Nuwe ekonomiese paradigma (gladstryking van siklusse)

- *UGO vir VOO* bl. 36
- Stel aktiewe teensikliese beleide voor om ekonomiese bedrywighede te stabiliseer. ✓✓
- In tye van resessie moet die regering belasting verlaag, hul besteding verhoog en kredietuitbreiding aanmoedig. ✓✓
- Omgekeerd, moet hoër belastings en laer vlakke van staatsbesteding voorkeur geniet. ✓✓ Enige 2x2=(4)

2.3.5 Resessie ✓✓
Daling van ekonomiese aktiwiteite ✓✓
In tye in resessie moet die regering belastings verlaag, ✓✓
besteding verhoog, ✓✓ krediet aanmoedig om die totale vraag te verhoog en die ekonomie te stimuleer. ✓✓ Enige 2x2=(4)

2.4 Bespreek die redes vir mislukking in die openbare sektor.
BRONNE: *Geniet Ekonomie,* bl. 60
*UGO vir VOO,* bl. 61
*Verken,* bl. 35
*Ekonomie vir Almal,* bl. 60

- Bestuursmislukking ✓✓
  Onkunde/toepassing van teenstrydige beleide, gebrek aan leierskap, gebrekkige opleiding en ervaring, ens. ✓✓
- Onverskilligheid ✓✓
  Potensiaal om ondoeltreffendheid, korrupsie en swak dienste te diagnoseer,
  Bv. gebrek aan hulpbronne, lae motivering, onbevoegdheid ens. ✓✓

- Gebrek aan motivering ✓✓
  Werkers ontvang selde aansporings vir suksesvolle dienslewering. Dit lei tot beperkte dienste, lae kwaliteit en hoë koste ✓✓
- Politici ✓✓
  Neig om beleide in te stel en geld te spandeer op projekte solank daar vir hulle gestem word. Die beleide lei tot ondoeltreffende gebruik van bronne.
- Optrede van burokrate✓✓
  Jaag hul eie doelwitte na – groter salarisse en hul reputasie. ✓✓
- Eiebelangsoekende optrede van belangegroepe ✓✓
  Soos georganiseerde besigheid, boere, ens. om die optrede van die regering tot hul eie voordeel te beïnvloed. ✓✓
  Individue en besighede beinvloed regering om in hulle belang op te tree bv winsgewende kontrakte, begunstigde regulasies ens. Enige 4x4=(16)

**[50]**

## VRAAG 3

3.1 Kies die **korrekte woord** uit dié wat tussen hakies gegee word.

3.1.1 Volmaakte ✓✓

3.1.2 Laer ✓✓

3.1.3 Prysdiskriminasie ✓✓

3.1.4 Oligopolie ✓✓ 4x2=(8)

3.2 Noem enige DRIE maniere waarop die regering kan ingryp om markmislukkings te voorkom en reg te stel.

- Subsidies ✓✓
- Belastings ✓✓
- Wetgewing ✓✓
- Permitte✓✓
- Prysbeheer✓✓
- Opleidingskemas✓✓
- Werkskeppingsprogramme✓✓
- Arbeidswetgewing✓✓
- SEB✓✓

(Aanvaar enige ander relevante feite vanuit goedgekeurde bronne) Enige 3x2=(6)

3.3 Bestudeer die onderstaande grafiek en beantwoord die daaropvolgende vrae.

3.3.1 A ✓✓✓ (3)

3.3.2 Ekonomiese wins:

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Totale inkomste | R15 x 800 = | R 12 000 | ✓ | (1) |
| Totale koste | R13 x 800 = | - R 10 400 | ✓ | (1) |
| | | **R 1 600** | ✓✓ | (2) |

3.3.3 R 10 ✓✓ (2)

3.3.4 D ✓✓✓ / LMK = LMI (3)

3.3.5 Op die langtermyn maak die besigheid slegs normale wins ✓✓
Normale wins is waar GI=GK ✓✓
DUS: Totale inkomste R10 x 1 000 = R 10 000 ✓✓
Totale koste R10 x 1 000 = R 10 000 ✓✓
TI = TK ✓✓
Ekonomiese wins geld slegs in die korttermyn / wanneer Totale Inkome (TI) > Totale koste (TK)✓✓ (8)

3.4 **Bespreek enige ander VIER kenmerke van ’n monopolie**.

BRONNE: *Verken*, bl. 89
*Geniet Ekonomie*, bl. 138
*UGO vir VOO*, bl. 128
*Ekonomie vir Almal*, bl. 121

- **Geen mededinging nie** ✓✓
Een onderneming in die mark beheer die voorsiening van goedere en dienste. ✓✓

- **Geen plaasvervangers nie** ✓✓
Verbruikers het geen keuse wat prys, gehalte of verskaffer betref wanneer hulle goedere kies nie. Produk of diens sal uniek wees, kan nie maklik deur ’n ander produk of diens vervang word nie. ✓✓

- **Prysmakers** ✓✓
’n Enkele onderneming beheer die totale voorraad van die hele bedryf en beheer die prys deur die voorraad in die mark te vermeerder of te verminder. ✓✓

- **Belemmerde toegang** ✓✓
Geen mededingers nie a.g.v die belemmerings of versperrings wat potensiële ondernemings uit die mark hou, bv. tegnologie of patente. ✓✓

- **Onvolmaakte mededinging** ✓✓
Die koper en verkoper moet al die markinligting hê wat nodig is om die onderhandelinge te laat slaag. ✓✓

- **Nie-homogene produkte** ✓✓
Vervaardig verskillende variëteite van hul produkte om dit vir ander ondernemings moeilik te maak om daardie produkte na te maak. ✓✓

- **Groot bedrae aanvangskapitaal** ✓✓
In sommige bedrywe is miljoene as aanvangskapitaal nodig. ✓✓

- **Regsoorwegings** ✓✓
  Nuwe uitvindings word deur patentereg beskerm. Dienste word deur die wet beskerm en ander ondernemings word verbied om tot die mark toe te tree. ✓✓

(Aanvaar enige ander relevante feite vanuit goedgekeurde bronne.) 8x2=(16)
**[50]**

## VRAAG 4

4.1 Kies die **korrekte woord** uit dié wat tussen hakies gegee word.

4.1.1 Reële ✓✓

4.1.2 Toerisme ✓✓

4.1.3 VPI ✓✓

4.1.4 Lorenz-kurwe ✓✓ 4x2=(8)

4.2 Noem DRIE gebruike van BBP-per capita-syfers.

- Aanwyser van ekonomiese ontwikkeling ✓✓
- Aanwyser van lewenstandaarde ✓✓
- Om lewenstandaarde te vergelyk ✓✓ 3x2=(6)

4.3 4.3.1 Dit vergelyk die toestande of situasie van ŉ vorige jaar met die huidige jaar. ✓✓ (2)

4.3.2 0.3% ✓✓✓ (3)

4.3.3 TWEE moontlike redes vir die verwagte daling in die ekonomiese groei:

- o Die ekonomiese afswaai van 2008 sal aanhou om die ekonomiese groei in 2009 negatief te beïnvloed. ✓✓
- o Die verwagting dat 2009 ekonomies slegter af sal wees as 2008. ✓✓ 2x2=(4)

4.3.4 Gevolgtrekkings:

- o Die daling in ekonomiese groei sal ŉ invloed hê op die bestedingspatrone van verbruikers. ✓✓
- o Werkloosheid sal toeneem weens ekonomiese afswaai. ✓✓
- o Mense sal minder geld hê om te spandeer. ✓✓ Enige 2x2=(4)

4.3.5 Die lopende rekening sal negatief wees vir die volgende paar jaar. ✓✓✓ (3)

4.3.6 Twee maniere om die saldo op die lopende rekening te verbeter:

- o Verhoog uitvoere ✓✓
- o Invoervervanging ✓✓
- o Minder invoere ✓✓
- o Lok toeriste na Suid-Afrika ✓✓
- o Stabiele buitelandse wisselkoers ✓✓ Enige 2x2=(4)

4.4 Bespreek VIER argumente ten gunste van proteksionisme (beskerming).
BRONNE: *Geniet Ekonomie*, bl. 212
*UGO vir VOO*, bl. 189
*Verken*, bl. 145
*Ekonomie vir Almal*, bl. 210

**Argumente ten gunste van proteksionisme (beskerming)**

- *Dit verbeter nywerheidsontwikkeling (suigelingnywerhede – jong bedrywe)* ✓✓
- Die eerste paar jaar in die ontwikkeling van enige onderneming is die moeilikste – jong nywerhede het hoë produksiekoste en moet op gelyke voet met goed gevestigde internasionale nywerhede meeding. ✓✓
  Ou gevestigde nywerhede gebruik dikwels onbillike metodes soos prysbesnoeiing teen jong nywerhede.
  Jong nywerhede het beskerming nodig totdat hulle behoorlik gevestig is. ✓✓

- *Werkloosheid word beperk en meer werk word geskep* ✓✓
- Indien goedere ingevoer word vanaf lande wat lae lone betaal, sal plaaslike produksie ingekort word en werkloosheid veroorsaak. ✓✓
- Produksie kan stopgesit of werkers sal afgedank word a.g.v. buitelandse mededinging. ✓✓
- As ŉ onderneming vir die binnelandse mark produseer en beskerm word, sal sulke stappe nie nodig wees nie en sal daar minder werkloosheid wees. ✓✓

- *Ekonomiese selfgenoegsaamheid (nasionale onafhanklikheid)* ✓✓
- Dis belangrik dat ŉ land selfversorgend moet wees in tye van oorloë en sanksies. ✓✓
- Nywerhede soos Sasol, Iscor (Mittal Steel SA) en Denel voorsien produkte wat van strategiese belang is. ✓✓

- *Gevare van dumping (storting)* ✓✓
- Goedere uit een land word in ŉ ander land verkoop teen pryse wat laer is as die pryse van die goedere in die land waarvandaan dit kom. ✓✓
- Beskerming voorkom die dumping van hul oorskotte en buiteseisoen-goedere teen lae pryse. ✓✓
- Die doel is om die mark te oorheers deur mededingers uit te skakel – invoertariewe kan dit voorkom. ✓✓

- *Beskerming van die betalingsbalans* ✓✓
- Indien te veel goedere ingevoer word, sal die betalingsbalans 'n tekort toon.
- Beskerming deur tariewe en kwotas sal die pryse van ingevoerde goedere verhoog en die tekort verminder. ✓✓

- *Voorkom dat 'n land oorspesialiseer – groter ekonomiese stabiliteit* ✓✓
- Die teorie van vergelykende en absolute kosteverskillle kan veroorsaak dat 'n land slegs op sekere goedere konsentreer – oorspesialisasie. ✓✓
- Beskerming skep 'n meer gedifferensieerde ekonomiese produksiestruktuur en verseker groter ekonomiese stabiliteit. ✓✓

- *Natuurlike hulpbronne word nie uitgeput nie* ✓✓
- In die geval van vryhandel, word natuurlike hulpbronne van die land gouer uitgeput omdat die hele wêreld deel in die gebruik van hierdie hulpbronne. ✓✓
- Beskerming sluit in behoorlike beplanning, bewaring en die benutting van natuurlike hulpbronne. ✓✓ Enige 4x4=(16)

**[50]**

## VRAAG 5

5.1 Kies die **korrekte woord** uit dié wat tussen hakies gegee word.

5.1.1 Verhoog ✓✓

5.1.2 Verlaag ✓✓

5.1.3 Vermeerder ✓✓

5.1.4 Verminder ✓✓ 4x2=(8)

5.2 Noem DRIE van Suid-Afrika se nasionale Wêrelderfenis-terreine.
Isimangaliso(St Lucia)-vleilandgebied ✓✓
Robbeneiland ✓✓
Wieg van die Mensdom ✓✓
Mapungubwe Kulturele Landskap ✓✓
uKhahlamba-Drakensbergpark ✓✓
Kaapse Fynbosstreek ✓✓
Vredefortkoepel ✓✓
Richtersveld Kulturele en Botaniese Landskap ✓✓ Enige 3x2=(6)

5.3 GEVALLESTUDIE
Beantwoord die daaropvolgende vrae.

5.3.1 Elektrisiteit en vloeibarebrandstof-voorraad ✓✓✓ (3)
(Aanvaar enige relevante antwoord)

5.3.2 Menslike ontwikkeling word benadeel ✓✓, aangesien skole, hospitale, besighede en rekenaarnetwerke sonder elektrisiteit sit. ✓✓
Produktiwiteit gaan verlore✓✓ – veroorsaak skade en verliese. ✓✓ (4)

5.3.3 Vraag na meer brandstofbronne ✓✓✓
In stede is daar meer ekonomiese aktiwiteite wat afhanklik is van elektrisiteit, soos bv. skole, hospitale, besighede, fabrieke, ens. ✓✓✓ (3)

5.3.4 Vuurmaakhout ✓✓ (2)
(Aanvaar enige relevante antwoord)

5.3.5 Afname in kweekhuisgasse ✓✓
Gebruik osoon-vriendelike produkte ✓✓
Moenie rommel strooi nie. ✓✓
Herwin bv. papier. ✓✓
Bewaring van bosse ✓✓
Gebruik elektrisiteit spaarsamig. ✓✓ Enige 3x2=(6)
(Aanvaar enige relevante antwoord).

5.3.6 Elektrisiteitverskaffing ✓✓ (2)
**[20]**

5.4 Bespreek enige TWEE ander ooreenkomste.

BRONNE: *Geniet Ekonomie*, bl. 322
*UGO vir VOO*, bl. 292
*Verken*, bl. 188
*Ekonomie vir Almal*, bl. 289

1. **Die 1972 Stockholm-konferensie** ✓✓

- "Verenigde Nasies Konferensie oor die Menslike Omgewing" ✓✓
- Was die eerste groot internasionale vergadering oor die omgewing. ✓✓
- Is met die hulp van die Verenigde Nasies belê. ✓✓
- Daar is erken dat die snelle veranderinge in wetenskap en ✓✓ tegnologie die mens die mag gegee het om sy omgewing te verander. (maks 8)

2. **WSSD – Johannesburg** ✓✓

- JHB het die WSSD (Wêreldspitsberaad oor Volgehoue Ontwikkeling) aangebied in 2002. ✓✓
- Die ooreenkomste wat in JHB bereik is, is 'n aksieplan vir die uitvoering van die VN se Millenniumberaad-verklaring wat ten doel het om armoede in die wêreld teen 2015 met die helfte te verminder, en inkorporeer besluite wat deur internasionale liggame sedert die Rio-Aardeberaad in 1992 geneem is. ✓✓
- Die grootste sukses wat behaal is, is dat die VN se Millenniumberaad-verklaring omskep is in werklike programme en dat geld hiervoor beskikbaar gestel is. ✓✓
- Die WSSD het gefokus op die mees gemarginaliseerde sektore van die samelewing, insluitend vroue, jongmense, inheemse mense en gestremde mense. ✓✓

- Die implementeringsplan behels programme om water, energie, gesondheidsorg, landbou-ontwikkeling en 'n beter omgewing vir die wêreld se arm mense te voorsien, asook mikpunte vir die vermindering van armoede, die beskerming van die omgewing en globalisering. ✓✓

- Mikpunte/teikens wat by die beraad gestel is: ✓✓
- Teen 2015 sal die aantal persone sonder basiese sanitasie met die helfte verminder het en sal die aantal persone sonder toegang tot veilige drinkwater ook met die helfte verminder het. ✓✓
- Teen 2010 sal die verlies aan biodiversiteit omgekeer word en teen 2015 sal die dalende visgetalle herstel wees. ✓✓
- Teen 2020 sal alle chemikalieë wat skadelik vir die gesondheid is, uitgefaseer wees. ✓✓
- Binne die volgende 10 jaar sal die beskikbaarheid van energiedienste uitgebrei word na 35% van die huishoudings in Afrika. ✓✓ (8)

3. **Kyoto Protokol** ✓✓

In 1997 is dié konferensie in Kyoto, Japan, aangebied en fokus hoofsaaklik op klimaatsverandering. ✓✓

- Onder die Kyoto Protokol het hoë-inkomste lande en vorige sosialistiese lande hulleself verbind om die uitlating van groenkweekhuis-gasse te verminder met 5% in vergelyking met 1990 se vlakke. ✓✓ Aan elke land is 'n spesifieke teiken toegeken. ✓✓ (8)

Enige 8x2=(16)

**[50]**

## VRAAG 6

6.1 Kies die **korrekte woord** uit dié wat tussen hakies gegee word.

6.1.1 Inheemse ✓✓

6.1.2 BBP ✓✓

6.1.3 appresiasie ✓✓

6.1.4 inspuiting ✓✓ 4x2=(8)

6.2 Noem enige DRIE leidende (toonaangewende) aanwysers:
*Geniet Ekonomie*, bl. 36
*Verken*, bl. 25
*UGO vir VOO*, bl. 39
*Ekonomie vir Almal*, bl. 34

- Netto goud- en ander buitelandse reserwes ✓✓
- Bouplanne goedgekeur ✓✓
- Nuwe voertuie verkoop ✓✓

- o Gemiddelde aantal vervaardigingsure gewerk ✓✓
- o Die voorraad / verkope-verhouding ✓✓
- o Aandelepryse ✓✓
- o Kommoditeitspryse ✓✓
- o Werkadvertensieruimtes ✓✓
- o Vervaardigingsbestellings ✓✓
- o Reële MI-geldvoorraad ✓✓ Enige 3x2=(6)

6.3 Gebruik die inligting in die onderstaandetabel om die volgende vrae te beantwoord

6.3.1 BBP = C + I + G + X – M

| | | |
|---|---|---|
| C | = | R 140 m ✓ |
| I | = | R 160 m ✓ |
| G | = | R 100 m ✓ |
| X | = | R 20 m ✓ |
| M | = | (R 30 m) ✓ |
| **Y** | **=** | **R 390 m** ✓✓ |


(7)

6.3.2 Marginale besparingsgeneigdheid = 1 – 0.7(mvg) = 0.3 ✓✓✓ (3)

6.3.3
a. AB - opswaai/herstel ✓✓
b. BC - voorspoed / uitbreiding/opwaai ✓✓
c. CE - resessie ✓✓ / Afswaai / Inkrimping
d. EF - depressie ✓✓
e. J - trog ✓✓ 5x2=(10)

6.4 Illustreer en verduidelik die Laffer-kromme.

BRONNE: *Geniet Ekonomie*, bl. 59
*UGO vir VOO*, bl. 59-60
*Verken*, bl. 42
*Ekonomie vir Almal*, bl.59




(maks 4) (4)

- Die Laffer-kromme toon die verwantskap tussen belastingkoerse en belastinginkomste wat die regering invorder. ✓✓
- Indien die belastingkoers zero is, word geen inkome gegenereer nie. ✓✓
- Soos die belastingkoers bo zero styg, styg die belastinginkome. ✓✓
- Die kromme het ŉ opwaartse helling. ✓✓
- Uiteindelik sal die kurwe ŉ hoogtepunt bereik (piek) en daarna word belastingkoerse so hoog dat die daling in produksie, die styging in belastingkoers neutraliseer. ✓✓
- Dit dui dat ŉ daling in ŉ hoë inkomstebelasting, belastinginkomste laat toeneem deurdat mense aangemoedig word om te werk en die omvang van belastingontduiking en vermyding te verminder. ✓✓ (maks 12) (16)

**[50]**

AFDELING C

Beantwoord enige TWEE vrae uit hierdie afdeling in die ANTWOORDEBOEK.

In hierdie afdeling sal ŉ maksimum van 5 punte toegeken word vir die interpretasie van die onderwerp.

**VRAAG 7**

Bespreek die **komponente** van die **betalingsbalansrekening.** **[50]**

BRONNE: *Geniet Ekonomie*, bl. 68-72
*UGO vir VOO*, bl. 68-71
*Verken*, bl. 53-56
*Ekonomie vir Almal*, bl. 67-73

**Inleiding**

- Definisie – Dit is ŉ rekord van ŉ land se handel en finansiële transaksies met die res van die wêreld, oor ŉ gegewe periode. ✓✓✓ (3)
- Die SARB publiseer ons betalingsbalansrekening.
- Die Suid-Afrikaanse betalingsbalansrekening bestaan uit die volgende vier komponente:
    - Die lopende rekening
    - Die kapitaaloordragrekening
    - Die finansiële rekening
    - Die veranderinge in buitelandse reserwes

**Liggaam**

1. **Lopende rekening**

- Is die eerste rekening van die betalingsbalans.
- Toon transaksies met betrekking tot produksie, inkome en besteding.

- Goedere ✓✓

- Sluit transaksies in roerende (sigbare en tasbare) goedere wat van eienaar tussen Suid-Afrikaanse inwoners en nie-inwoners wissel. ✓✓
- Sluit in koring, mielies, masjinerie, minerale en olie. ✓✓

- Netto gouduitvoere ✓✓

- Verwys na goud as ŉ kommoditeit. ✓✓
- Die netto bedrag toon die verskil tussen die bedrag aan goud uitgevoer en die bedrag aan goud ingevoer. ✓✓
- Omdat Suid-Afrika die wêreld se grootste goudprodusent is, is hy ŉ netto uitvoerder van goud. Daarom is die bedrag positief. ✓✓

- Dienste ✓✓

- Sluit items in soos vervoer-, reis-, finansiële, versekerings-, professionele, tegniese, ontspannings-, en regeringsdienste in. ✓✓

- Inkome ✓✓

- Verwys na inkome wat Suid-Afrikaanse inwoners by nie-Suid-Afrikaanse inwoners verdien, en omgekeerd. ✓✓
- Bv.
  1. Die vergoeding van werknemers – salarisse, lone, voordele. ✓✓
  2. Beleggingsinkome – inkome verdien uit finansiële kapitaal, bv. rente, dividende en winste. ✓✓

- Lopende oordragte ✓✓

- Is oordragte van inwoners na nie-inwoners, en omgekeerd. ✓✓
- Bv. geskenke in die vorm van kontant, maatskaplike, versekeringsbydraes en voordele, en belastings. ✓✓ (maks 16)

2. **Kapitaaloordragrekening** ✓✓

- Is ŉ netto bedrag en sluit in:
  transaksies en toelaes wat verband hou met die eienaarskap van vaste bates, en ✓✓
  skuldkwytskelding✓✓
  die waarde van huishoudelike en persoonlike besittings, en finansiële eise en laste van migrante. ✓✓ (maks 6)

3. **Finansiële rekening** ✓✓

Die balans op die finansiële rekening is die gevolg van drie tipes beleggings. ✓✓

- Direkte beleggings ✓✓

- Staan bekend as BVI – Buitelandse Vaste Investering. ✓✓
- Sluit transaksies in wat verband hou met investering in sakeondernemings met die doel om ŉ betekenisvolle aandeel te bekom. ✓✓
- Sluit ook beleggings in vaste eiendom in. ✓✓

- Portefeuljebeleggings ✓✓

- Bestaan uit die koop of verkoop van aandele en skuldbriewe, wat nie deel uitmaak van direkte beleggings nie. ✓✓
- Vind plaas via aandelebeurse, termynbeurse en effektebeurse. ✓✓
- Is hoogs likied. ✓✓

- Ander beleggings ✓✓

- Is ŉ residukategorie. ✓✓
- Sluit in alle finansiële transaksies wat nie as direkte beleggings en portefeulje-beleggings beskou word nie. ✓✓
- Sluit in handelskrediet, lenings, vaste deposito's ens. ✓✓
- ŉ Belangrike kategorie is korttermyn-handelskrediet wat gebruik word om invoere en uitvoere te finansier. ✓✓

- Onaangetekende transaksies ✓✓

- Weerspieël enige foute wat gemaak is of transaksies wat weggelaat is op die lopende, kapitaaloordrag- en finansiële rekeninge.
- Hierdie item word ingesluit om te verseker dat die betalingsbalans klop. ✓✓

(maks 12)

4. **Veranderings in buitelandse reserwes** ✓✓

- Die verandering in netto goud en ander buitelandse reserwes weens betalingsbalans-transaksies is ŉ balanserende bedrag. ✓✓
- Suid-Afrika se goud- en buitelandse valutareserwesaldo word nie in die betalingsbalansrekening aangetoon nie, omdat dit ŉ "voorraad" verteenwoordig. ✓✓ (maks 6)

**Gevolgtrekking**

Die betalingsbalansrekening toon slegs vloeie – nie voorrade nie. ✓✓
Daarom word slegs die veranderinge in goud- en buitelandse reserwes getoon. ✓✓ (maks 2)
(Aanvaar enige relevante gevolgtrekking)

| PUNTE | INTERPRETASIE VAN ONDERWERP |
|---|---|
| 0 | Die kandidaat toon geen begrip van die onderwerp nie. |
| 1 | Die kandidaat toon ŉ mate van begrip rakende die onderwerp maar mis belangrike aspekte van die onderwerp. (1 – 15) |
| 3 | Die kandidaat het die onderwerp korrek geïnterpreteer maar het nagelaat om relevante feite aan die onderwerp te koppel. (16 – 30) |
| 5 | Die kandidaat het die onderwerp korrek geïnterpreteer en genoeg relevante feite aan die onderwerp gekoppel. (31 – 35) |

(5)
**[50]**

## VRAAG 8

Bespreek **koste voordeel ontleding** deur dit van toepassing te maak op die Gautrein-projek.

BRONNE: *Verken*, bl. 83,
*Geniet Ekonomie*, bl. 127,
*UGO vir VOO*, bl. 117
*Ekonomie vir Almal*,bl. 146

**DEFINISIE**

KVO is ŉ tegniek om ŉ opname en evaluering te maak van die totale maatskaplike koste en totale maatskaplike voordele verbonde aan ŉ ekonomiese projek. ✓✓✓ (3)

**SEWE STADIUMS**

- Identifisering en kwantifisering van alle private koste ✓✓
- Identifisering en kwantifisering van alle eksterne koste ✓✓
- Berekening van maatskaplike koste – private koste plus eksterne koste ✓✓
- Identifisering en kwantifisering van alle private voordele ✓✓
- Identifisering en kwantifisering van alle eksterne voordele ✓✓
- Berekening van maatskaplike voordele – private plus eksterne voordele ✓✓
- Vergelyking van maatskaplike koste met maatskaplike voordele – as die maatskaplike voordele die maatskaplike koste oorskry, sal die gemeenskap as geheel by die ontwikkeling baat ✓✓ (maks 12)

**TOEPASSING**

- KVO word gedoen vir projekte waar verwag word dat daar ŉ betekenisvolle verskil tussen private en maatskaplike koste en voordele gaan wees. ✓✓
- ŉ Nuwe snelweg deur ŉ digbewoonde gebied sal hoë maatskaplike koste tot gevolg hê, terwyl ŉ groot dam in ŉ droë stedelike gebied hoë maatskaplike voordele sal hê. ✓✓
- Die projek sal gewoonlik voortgaan indien die maatskaplike voordele die maatskaplike koste oorskry. ✓✓

- **Gautrein-projek**

**Private koste en voordele**

**Private koste** ✓✓

Kan die volgende items insluit, waarvan die volgende die relevantste is:

- Grond waarop die spoorlyn gebou gaan word. Huise moet onteien word. ✓✓
- Boumateriale, bv. gruis, staalspore, sement en sand. ✓✓
- Boutoerusting, bv. padskrapers, stootskrapers, masjinerie om tonnels te boor en hyskrane. ✓✓
- Lokomotiewe, rollende materiaal en busse. ✓✓
- Arbeid om die spoorlyn te bou en in stand te hou. ✓✓
- Oorhoofse kostes, soos elektrisiteit, water, telefone, belasting, en bankgelde. ✓✓

**Private voordele** ✓✓

Kan 'n aantal items insluit waarvan die volgende inkomste sal genereer: ✓✓

- Trein- en busgelde ✓✓
- Subsidies van nasionale, provinsiale en plaaslike regerings. ✓✓
- Advertensies, bv. in die trein, op die busse en langs die roete. ✓✓
- As die private voordele die private koste oorskry, sal die projek winsgewend wees en die maatskappy sal bereid wees om die spoorlyn te bou. ✓✓

**Eksterne koste en voordele**

Dit is die eksternaliteite verbonde aan die bou van die spoorlyn en die bedryf van die vervoeronderneming. ✓✓

**Negatiewe eksternaliteite**
- Besoedeling – lug, geraas, steurnis, vibrasies en uitsig. ✓✓
- Vernietig habitat van plante, diere en insekte, en historiese geboue wat verlore gaan. ✓✓
- Verkeerstoenames in die onmiddellike omgewing van stasies en die negatiewe effekte. ✓✓
- Blokkering van strate en sypaadjies, bv. na skole, hospitale en sakesentrums. ✓✓
- Ongelukke, bv. op die spoorlyn en a.g.v. nuwe verkeerspatrone in die voorstede. ✓✓
- Hervestigings, bv. van gesinne wie se eiendom onteien word. ✓✓

**Positiewe eksternaliteite**
- Werk- en inkomeskepping wat voortspruit uit bou en bedryf van die spoorlyn. ✓✓
- Besighede wat hulle langs die roete en by stasies vestig. ✓✓
- Tyd wat bespaar word omdat die trein teen hoë snelhede ry en daar minder verkeersknope sal wees op die twee deurpaaie wat Tswane en JHB verbind. ✓✓
- Minder lugbesoedeling van fossielbrandstof omdat minder motors op snelweë sal ry. ✓✓
- Minder ongelukke en laer brandstofverbruik. ✓✓
- Lewens wat gespaar word omdat daar minder verkeer op die hoofweë is. ✓✓
  (maks 28)

In 'n KVO sal die besigheid probeer om 'n waarde op hierdie eksternaliteite te plaas ten einde die maatskaplike kostes en maatskaplike voordele van die projek te bereken – daar sal slegs met die projek voortgegaan word indien die maatskaplike voordele die maatskaplike koste oorskry. ✓✓ (maks 2)

| PUNTE | INTERPRETASIE VAN ONDERWERP |
|---|---|
| 0 | Die kandidaat toon geen begrip van die onderwerp nie. |
| 1 | Die kandidaat toon 'n mate van begrip rakende die onderwerp maar mis belangrike aspekte van die onderwerp. (1 – 15) |
| 3 | Die kandidaat het die onderwerp korrek geïnterpreteer maar het nagelaat om relevante feite aan die onderwerp te koppel. (16 – 30) |
| 5 | Die kandidaat het die onderwerp korrek geïnterpreteer en genoeg relevante feite aan die onderwerp gekoppel. (31 – 35) |

(5)
**[50]**

## VRAAG 9

Rig 'n memorandum aan die voorsitter van die SAOG waarin jy Suid-Afrika se nuwe streeksontwikkelingsbeleid wat op Ruimtelike Ontwikkelingsinisiatiewe (ROI's), Nywerheids-ontwikkelingsones (NOS's) en op finansiële aansporings fokus. **[50]**

BRONNE: *Geniet Ekonomie*, bl. 192-198
*UGO vir VOO*, bl. 173-176
*Verken*, bl. 130-132
*Ekonomie vir Almal*, bl. 189-196

**VAN:** Enige naam ✓
**DATUM:** Enige datum ✓
**AAN:** Voorsitter ✓ : SAOG ✓
**ONDERWERP:** Suid-Afrika se nuwe streeksontwikkelingsbeleid. ✓ (5)

**Suid-Afrika se beleide / ondernemings**

- Regering het in 1997 die nuwe Nywerheidsontwikkelingsprogram ingestel. ✓✓
- Die Dept van Handel en Nywerheid (DHN) is verantwoordelik vir die koördinering van nywerheidsontwikkelingsplanne op alle regeringsvlakke en die privaat sektor. ✓✓
- Die staat se nuwe Nywerheidsontwikkelingsprogram (NOP) het twee fokuspunte:
  - Ruimtelike Ontwikkelingsinisiatiewe (ROI'e) en Nywerheidsontwikkelingsones (NOS's) ✓✓
  - Finansiële aansporings ✓✓

**A. Ruimtelike Ontwikkelingsinisiatiewe (ROI'e)**

- **Omskrywing**
  - ROI'e is die staat se streeksontwikkelingstrategie wat ten doel het om nywerheidsontwikkeling in gebiede te stimuleer waar sosio-ekonomiese toestande gekonsentreerde staatshulp verg en waar ekonomiese potensiaal bestaan. ✓✓
  - ROI'e is gemik om die onderbenutte potensiaal van sekere areas in Suid-Afrika te ontsluit. ✓✓

- **Spesifieke doelwitte van ROI'e**
  - volhoubare ekonomiese groei en ontwikkeling te skep in onderontwikkelde gebiede, volgens die potensiaal van die gebied ✓✓
  - langtermyn- en volhoubare werksgeleenthede vir plaaslike inwoners van die gebied en vir die bevolking oor die algemeen ✓✓
  - om groter investering en lenings deur privaat sektor na die ROI-gebied te mobiliseer ✓✓
  - benut geleenthede wat ontstaan uit investering deur vennootskappe tussen die private en openbare sektor (POV'e – private-openbare vennootskappe) ✓✓
  - die onderbenutte geleenthede vir uitvoer-geörienteerde groei in die ROI'e te benut. ✓✓

- **Private-openbare vennootskappe** (of OPV'e)
- Vennootskap tussen die private en openbare sektor. ✓✓
- Doelwitte:
  - o bevorder volhoubare groei ✓✓
  - o bemagtig plaaslike gemeenskappe deur doeltreffende vennootskappe ✓✓
  - o om volhoubare gebruik van hulpbronne aan te moedig ✓✓
- Voorbeeld: situasie waar die privaat sektor die fondse voorsien om 'n besigheid te begin en te bestuur en die staat voorsien die fondse vir die fisiese infrastruktuur, bv. paaie, water en elektrisiteit. ✓✓

- **Korridors**
- Is ruimtelike gebiede wat bepaalde voordele vir mynbou, vervaardiging, landbou, toerisme en ander besighede bied. ✓✓
- Voordele sluit die teenwoordigheid van bestaande infrastruktuur en spesialisasie van produksie en of dienste in. ✓✓

- **ROI-program bestaan uit 11 plaaslike ROI'e en 4 NOS's.**
- **11 ROI'e:**
  1. Maputo-ontwikkelingskorridor (minerale, toerisme, vervoer) ✓✓
  2. Lubombo (agri-toerisme) ✓✓
  3. Richardsbaai (metale, aluminium, steenkool, motorkomponente.) ✓✓
  4. Durban en Pietermaritzburg (chemikalieë) ✓✓
  5. Wildekus (agri-toerisme en bosbou) ✓✓
  6. Visrivier (nywerheids) ✓✓
  7. Weskus-investeringsinisiatief (minerale en metale) ✓✓
  8. Platinum (metale en minerale) ✓✓
  9. Phalaborwa (minerale en toerisme) ✓✓
  10. Kus-tot-kus-korridor (nywerhede, toerisme en vervoer) ✓✓
  11. Gauteng (hoëtegnologie-nywerhede) ✓✓ (maks 18)

- **NOS's – nywerheidsontwikkelingsones**
- Is 'n afgebakende gebied wat spesiaal gebou, fisies omhein en verbind is aan 'n internasionale hawe of lughawe met belastingvrye aansporings. ✓✓
- Grondstowwe vir verwerking word sonder invoerbelasting na hierdie sones ingevoer. ✓✓
- Idee is dat goedere wat in hierdie sones geproduseer word na die buiteland uitgevoer moet word. ✓✓
- Gemik op bevordering van uitvoer en werkskepping. ✓✓

- **4 NOS's:**
- o JHB-lughawe (hoëtegnologie-nywerhede) ✓✓
- o Richardsbaai (metale) ✓✓
- o Koega, naby PE (staal en motorkomponente) ✓✓
- o Saldanha (Staalpark) ✓✓ (maks 8)

**B. Finansiële aansporings**

1. *Klein- en medium ondernemingsontwikkelingsprogram (KMOOP)* ✓✓
- Bied finansiële aansporings aan klein en medium ondernemings wat in goedere en dienste spesialiseer wat vervaardiging, voedselverwerking, toerisme en herwinning insluit. ✓✓
- Ondernemings met bates van R100 miljoen of minder kwalifiseer vir hierdie aansporing✓✓
- Moet in staat wees om op hulle eie te bestaan sonder beskerming of subsidies. ✓✓

2. *Vaardigheidsondersteuningsprogram (VOP)* ✓✓
- Bied finansiële aansporings in die vorm van ŉ kontanttoelae van tot 50% van die kostes van die opleiding van nuwe personeel a.g.v. uitbreiding of ŉ nuwe projek. ✓✓

3. *Kritieke-infrastruktuur-fonds (KIF)* ✓✓
- Bied finansiële aansporings aan groot ondernemings wie se projekte infrastruktuur soos paaie, elektrisiteit, watersuiwering, rioolstelsels verg. ✓✓
- Dek tot 30% van ontwikkelingskoste. ✓✓

4. *Belastingvrye aansporings / Tariefvrye aansporings*✓✓
- Belastingvrye invoeraansporings word aan ondernemings gegee wat binne ŉ NOS gevestig is. ✓✓
- Gedoen om binnelandse en buitelandse ondernemings aan te moedig om hulle in NOS's te vestig en om goedere en dienste vir uitvoer te lewer. ✓✓

5. *Buitelandse investeringstoelae (BIT)* ✓✓
- Is ŉ kontantaansporingskema vir buitelandse beleggers wat in nuwe vervaardigingsondernemings in Suid-Afrika investeer. ✓✓
- Belegger word vergoed vir die koste om nuwe masjinerie en toerusting vanaf die buiteland na Suid-Afrika te vervoer. ✓✓

6. *Swart besighedeverskaffer-ontwikkelingsprogram (SBVOP)* ✓✓
- Bestaan 80% uit ŉ kontanttoelae. ✓✓
- Gee besighede met swart eienaarskap toegang tot opleiding om die bestuursdoeltreffendheid van hul besighede te verbeter. (produksiebeplanning, projekbestuur, voorraadbeheer, ens.) ✓✓
- Besighede met ŉ omset van R12 miljoen of minder kwalifiseer en die maksimum bedrag betaalbaar is R100 000. ✓✓

7. *Strategiese-investering-plan (SIP)* ✓✓
- Aansporingskema wat ŉ bykomende nywerheidsinvesteringstoelae beskikbaar stel aan projekte op die gebied van vervaardiging, rekenaars en navorsing en ontwikkeling. ✓✓ (maks 14)

| PUNTE | INTERPRETASIE VAN ONDERWERP |
|---|---|
| 0 | Die kandidaat toon geen begrip van die onderwerp nie. |
| 1 | Die kandidaat toon ŉ mate van begrip rakende die onderwerp maar mis belangrike aspekte van die onderwerp. (1 – 15) |
| 3 | Die kandidaat het die onderwerp korrek geïnterpreteer maar het nagelaat om relevante feite aan die onderwerp te koppel. (16 – 30) |
| 5 | Die kandidaat het die onderwerp korrek geïnterpreteer en genoeg relevante feite aan die onderwerp gekoppel. (31 – 35) |

(5)
**[50]**

## VRAAG 10

Skryf ŉ verslag aan die Departement van Omgewingsake en Toerisme (DOT) oor die gevolge van toerisme op die Suid-Afrikaanse ekonomie. **[50]**

BRONNE: *Geniet Ekonomie*, bl. 286-290
*UGO vir VOO*, bl. 254-259
*Verken*, bl. 176-178
*Ekonomie vir Almal*, bl. 269-273

**AAN:** DIE DEPARTEMENT VAN OMGEWINGSAKE EN TOERISME ✓

**ONDERWERP:** GEVOLGE VAN TOERISME OP DIE SUID-AFRIKAANSE EKONOMIE ✓

**VERWYSINGSRAAM:** Soos versoek deur DOT, verwys die verslag na die effekte van toerisme of die Suid-Afrikaanse ekonomie. ✓

**PROSEDURE:** Die verslag neem die gevolge van toerisme op die Suid-Afrikaanse ekonomie in oënskou. ✓ (maks 3)

**BEVINDINGE:**
**Bruto Binnelandse Produk (BBP)** ✓✓
- Toerisme speel tans ŉ relatief klein rol in die ekonomie van Suid-Afrika. ✓✓
- Daar word geraam dat toerisme in 2014 12% tot die BBP kan bydra. ✓✓
- Toerisme is die vierde grootste bedryf in Suid-Afrika, en ondersteun sowat 700 hotelle, 2 800 gastehuise en bed-en-ontbyt-plekke, en 10 000 restaurante. ✓✓

**Werkverskaffing** ✓✓
- Baie owerhede beskou die ontwikkeling van toerisme as ŉ ideale geleentheid om werkloosheid te verminder in gebiede wat min werksgeleenthede bied. ✓✓
- Toerisme verskaf werk aan ŉ geraamde 7% van Suid-Afrika se arbeidsmag, en word beskou as potensieel die grootste verskaffer van werksgeleenthede en verdiener van buitelandse valuta. ✓✓

- Toerisme is die wêreld se grootste skepper van werksgeleenthede – redes:
  - o Toerisme is arbeidsintensief✓✓
  - o Toerisme gebruik baie vaardighede✓✓
  - o Toerisme verskaf onmiddellike werksgeleenthede✓✓
  - o Toerisme bied geleenthede aan ondernemers – informele sektor✓✓

**Verligting van armoede** ✓✓

- Toerisme bring ontwikkeling na die arm mense in plattelandse gebiede. Baie van die belangrikste toeriste-attraksies is nie in die stede geleë nie, maar in die plattelandse gebiede. ✓✓
- Toerisme stel mense op die platteland in staat om in die voordele van toerisme-ontwikkeling te deel, om sodoende meer gebalanseerde en volgehoue ontwikkeling bevorder. ✓✓
- Die doel van DOT se armoedeverligtingsprogram is om armoedeverligtings-voorstelle en newevoordeelprojekte in die toerisme- en omgewingsektor te administreer, met die fokus veral op infrastruktuurbelegging en produkontwikkeling soos erfenisterreine, rotskuns en bewaring. ✓✓
- Deur middel van hierdie program probeer DOT Suid-Afrika se armste gemeenskappe help om langtermyn- en volhoubare werksgeleenthede te skep. ✓✓

**Eksternaliteite** ✓✓

- Is voordele of kostes wat voortspruit uit ekonomiese bedrywighede, maar wat nie in die prys van die bedrywighede weerspieël word nie. ✓✓
- Toerismebedrywighede kan 'n invloed uitoefen op derde partye wat nie deel van die koper-verkoper-mark is nie. ✓✓
- Ander kan voordeel trek sonder dat daarvoor betaling ontvang word, en kostes kan aangegaan word sonder dat daarvoor betaal word. Hierdie voordele en koste word eksternaliteite of eksterne effekte genoem. ✓✓

**Die omgewing** ✓✓

- Suid-Afrika is die derde mees biodiverse land (groot verskeidenheid plant- en dierelewe) in die wêreld. ✓✓
- Die land het 'n netwerk van bewaringsgebiede en is wêreldwyd bekend vir sy bewaringspraktyke. ✓✓
- Suid-Afrika is ook een van die omgewings-"gevaarpunte" met 2 000 plantspesies op die lys van bedreigde plante. ✓✓
- Belangrikste omgewingsprobleme en -kwessies:
  - Ongelyke grondverdeling en grondloosheid✓✓
  - Gronderosie✓✓
  - Ontbossing✓✓
  - Watertekorte en waterbesoedeling✓✓
  - Lugbesoedeling✓✓

- Swak kusstreekbestuur en onbeplande ontwikkeling het die omgewingsprobleme vererger. ✓✓
- Rommel het 'n nasionale probleem geword. ✓✓

**6. Infrastruktuur ✓✓**

- In die meeste lande berus die verantwoordelikheid om ekonomiese infrastuktuur te verskaf, by die regering. ✓✓
- Infrastruktuur sluit in vaste investering in passasiersvervoer, bestemmingsdienste soos krag, water en riolering, skoonmaak (sanitasie) en gesondheidsorg, vaste investering in kommunikasie, ens. ✓✓
- In die landelike gebiede is daar ’n tekort aan infrastruktuur, wat die deelname van landelike gemeenskappe aan die toerismebedryf ernstig beperk. ✓✓
- Die afwesigheid van voldoende vervoerdienste voorkom dat landelike gemeenskappe effektief aan die bedryf kan deelneem, beide as potensiële verskaffers van produkte en dienste, en as toeriste self. ✓✓ 16x2=(32)

**GEVOLGTREKKING:**
(Aanvaar enige relevante stelling) 2x2=(4)

**AANBEVELINGS:**
(Aanvaar enige relevante stelling) 2x2=(4)

**HANDTEKENING:** ✓
**NAAM:** ✓
**AMPSTITEL:** ✓ **DATUM:** ✓
(Maks 2)

| PUNTE | INTERPRETASIE VAN ONDERWERP |
|---|---|
| 0 | Die kandidaat toon geen begrip van die onderwerp nie. |
| 1 | Die kandidaat toon ’n mate van begrip rakende die onderwerp maar mis belangrike aspekte van die onderwerp. (1 – 15) |
| 3 | Die kandidaat het die onderwerp korrek geïnterpreteer maar het nagelaat om relevante feite aan die onderwerp te koppel. (16 – 30) |
| 5 | Die kandidaat het die onderwerp korrek geïnterpreteer en genoeg relevante feite aan die onderwerp gekoppel. (31 – 35) |

(5)
**[50]**